SEWE WEKE IV: ONDERSKEI
Filippense 1:1-11

Filippense
Paulus skryf hierdie brief aan die gelowiges in die stad Filippi. Die stad (wat in vandag se Griekeland is) was geleë op een van die Romeinse hoofweë, die *Via Egnatia*, wat Rome met die Ooste verbind het: 'n roete wat vanaf die Adriatiese See (by Italië) tot by Bisantium (later Konstantinopel) gestrek het.

Paulus het na hierdie stad – nadat hy 'n droom gehad het van 'n Masedoniese man wat hom daarheen roep – gereis om die evangelie, die Goeie Nuus van Jesus Christus, te verkondig. Die mense van Filippi het vir Paulus na aan die hart gelê en ons sien dit in die manier waarop hy hierdie brief vanuit sy afsondering in die gevangenis in Rome skryf. Soos baie ander van sy briewe, begin dit met 'n soortgelyke aanhef: eers sê hy wie dit is wat hierdie brief skryf, daarna noem hy die geadresseerdes en laastens volg die seëngroet.

Twee gebede
Paulus skryf eintlik hier twee gebede neer. In die eerste gebed (verse 3-8) lees ons dat hy God vir die gemeente dank, dat hy in blydskap aan hulle dink en vir hulle bid, dat hy na hulle verlang en dat hy hulle as medewerkers in die verkondiging van die evangelie sien. Dit is hierin duidelik dat die verbintenis tussen Paulus en die gemeente in Filippi die afstand tussen hulle transendeer en hulle saambind.

Daarna volg 'n tweede gebed – Paulus se voorbidding vir die gemeenskap – wat in vers 9 begin. Hy bid dat hulle liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat hulle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom; dat hulle onderskeiding hulle onberispelik en sonder blaam aan die voleinding van dae voor Christus sal laat staan. Wanneer Paulus hierdie voorbidding doen, is dit met die diep wete dat baie in die lewe afhang van ons onderskeidingsvermoë.

Dit behels nie net die onderskeiding tussen dit wat goed en kwaad is nie, maar ook *ex bonis optima* – tussen wat beter is tussen al die goeie.

Besluitneming
Deur die eeue heen, en vandag nog, is daar al baie nagedink en vele voorstelle gemaak oor dié dinge wat ons besluitneming moet anker. Daar is baie denkskole, strategieë en

inligting hieroor wat al opgeskryf is in tydskrifte, akademiese joernale en boeke. Die kuns van onderskeiding en besluitneming word ook wêreldwyd in lesinglokale van uiteenlopende fakulteite en instansies doseer. Elkeen van hierdie denkskole, strategieë, inligting en klasse help vir ons om in hierdie wêreld wat al te vinnig aan die verander is, sin te maak en keuses uit te voer.

Gebed

Te midde van al hierdie moontlikhede bied Paulus ook ‘n antwoord: gebed. Vir Paulus is gebed die lens waardeur onderskeiding moet plaasvind. Dit is gebed waarby ons begin, wat die besluitnemingsproses anker en ontsluit, en waardeur elke keuse uitgevoer word. Gebed is die modus van besluitneming.

Dit is in gebed waar ons gestroop word van ons vooropgestelde idees en van die wanindrukke wat ons onsself, ander en God het; waar ons gestroop word van die dinge wat ons gedagtes en energie óf met skaamte en berou in die verlede besig hou, óf voortdurend met angstigheid na die toekoms laat kyk.

Gebed laat ons bestekopname neem van die hier en nou en bring aan ons ‘n vars perspektief. Gebed bring ons terug na die spilpunt van ons geloof en rig ons aandag op die rede van ons bestaan: God self.

“Om te onderskei waarop dit werklik aankom”

Dit is slegs vanuit hierdie posisie waar ons kan “onderskei waarop dit werklik aankom” of soos wat vers 11 ook vertaal kan word: “om die dinge te sien wat werklik belangrik is, wat onontbeerlik is, wat essensieel is.”

Hierdie onderskeiding is ‘n siftingsproses tussen dit wat belangrik is en dit wat noodsaaklik is sodat ons waarlik by die kern kan kom van dit waaroor die lewe gaan.

Dit herbelyn ook ons prioriteite sodat liefde vir God, ander en onsself eerste op ons prioriteitslys is.

Lydenstyd

Dit is hierdie Sondag die eerste Sondag van Lydenstyd nadat ons die 40 dae-lange seisoen in die kerkjaar die week met Aswoensdag ingelei het. Van die vroegste van tye in die kerk was Lydenstyd gesien as ‘n tyd van sifting en stroping; ‘n tyd waarin daar weggedoen word van die dinge wat nie noodsaaklik is nie.

Die vroeë Christene het veral daarop klem gelê om te bid en om net te eet wat essensieel is (daar is byvoorbeeld slegs een maaltyd ‘n dag geëet en vleis, vis, eiers en botter was vir die tydperk uitgesny). Vandag nog lê ons in hierdie tyd klem op gebed en vas ons vir hierdie veertig dae, sny ons dalk soetgoed, koffie of wyn uit. Hierdie gebruik strek egter ook verder as net ons dieet – dit gaan ten diepste oor die dinge wat ons doen en oor die manier waarop ons leef.

Dit is ‘n tyd waarin ons doelbewus afstand doen van dit wat nie essensieel is nie om sodoende terug te keer na die kern waaroor alles gaan: Christus se kruisdood en opstanding. Hierdie waarheid van God se liefde is die spilpunt van ons geloof en dit gee aan ons lewens ware betekenis.

Do you want to fast this Lent?

Fast from hurting words and say kind words.

Fast from sadness and be filled with gratitude.

Fast from anger and be filled with patience.

Fast from pessimism and be filled with hope.

Fast from worries and trust in God.

Fast from complaints and contemplate simplicity.

Fast from pressures and be prayerful.

Fast from bitterness and fill your heart with joy.

Fast from selfishness and be compassionate to others.

Fast from grudges and be reconciled.

Fast from words and be silent so you can listen.

- Jorge Mario Bergoglio (Pope Francis)